KONINKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen gesels ons oor dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.



HUISGELOOF

GEREED
TEKS: 1 TESS 5

OMGEE

In November is dit Biddag vir Beskermingsdienste. Ons bid vir mense wat ons beskerm soos mense in die polisiediens, brandweer, sekuriteit, buurt-wag, nooddienste, ens. Maak ‘n lys van mense en plekke wat julle ken in hierdie beroepe waarvoor julle kan bid.

GESELS

Die teksgedeelte noem dat ons gereed en wakker moet wees, amper soos ‘n polisieman/vrou.

Lees 1 Tess 5:1-11

- Hoekom moet ons gereed wees?
- Watter dinge noem vers 8 en vers 11 wat ons gereed maak?
- Wat beteken dit om “kinders van die lig” te wees?
- Hoe kan jy leef sodat ander kan sien jy leef vir Jesus?
- Hoe kan julle as familie mekaar hierin help?

DOEN EN BID

Gebruik ‘n dobbelsteen om hierdie gebedspeletjie te speel. Gooi ‘n nommer en bid dan vir julle lys volgens die onderwerp.

1. Vrede vir die dorp of omgewing.
2. Veiligheid vir die persone in diens.
3. Wysheid vir wanneer besluite gemaak word.
4. Eenheid en spanwerk.
5. Geloof in Jesus, liefde en genesing van trauma.
6. Nuwe krag en deursettingsvermoë.

DINK JEUG Families

Laai die DinkJeug Families app gratis af:

Google Play:

Apple iStore: